Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2016

GESKIEDENIS V2
MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne • Definieer historiese begrippe/terme	**30% (15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting verkry uit bronne • Analiseer bewyse uit bronne	**40% (20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings	**30% (15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Paragraaf vraag

Lees die paragraaf en plaas dan die regmerk in die paragraaf by die relevante punt/antwoord. Dui dan die vlak wat jy toegeken het aan die einde van die paragraaf aan, bv.

_____✓_____✓_____
_____✓_____✓_____
_____✓_____ Vlak – 3

Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie _____ ^
- Verkeerde stelling
- Irrelevante stelling |
  I
  |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 26–27
A	VLAK 3	

AANBIEDING → / INHOUD ↓	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1*
	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is.	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1* Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

* Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 0–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: WATTER IMPAK HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN OP DIE SOWETO-OPSTANDE IN 1976 GEHAD?

1.1

1.1.1 [*Definisie van historiese term uit Bron 1A – V1]*

- ŉ Filosofie bekendgestel deur Steve Biko wat trots en waardes vir swartes, gekleurdes en Indiërs bevorder om hulself te bevry deur middel van die hou van veldtogte en deur mekaar te help, eerder as om hulp van wittes te verwag. (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1A – V2]*

- Hulle identifiseer hulleself as swart mense
- Hulle ly ook onder die boeie van onderdrukking
- Hulle is die basiese menseregte geweier (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1A – V2]*

- "nie-blank" het negatiewe implikasies
- "Swart" het positiewe implikasies
- Die term S*wart* verwys na die gevoel van selftrots tussen die swart mense van Suid-Afrika
- Dit moedig ŉ nuwe verenigde identiteit tussen die swart mense van Suid-Afrika aan (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Om die selfrespek en selfvertroue van swart mense te bevorder sodat hulle hulself kon bevry
- Om trots in swart identiteit, kultuur en geskiedenis aan te moedig
- Om swart Suid-Afrikaners aan te moedig om met wit liberales in veelrassige organisasies saam te werk en om ander wit mense aan te moedig om hulle houdings te verander
- Om eenheid tussen swart mense aan te moedig deur hulle te mobiliseer om teen apartheid te veg.
- Enige ander relevante antwoord (4 x 1) (4)

1.1.5 [*Interpretasie van inligting uit Bron 1A – V2]*

- Apartheid het swart Suid-Afrikaners soos tweedehandse landsburgers behandel
- Dit het swart Suid-Afrikaners van hul menswaardigheid ontneem
- Swart Suid-Afrikaners het opgesien na wittes as superieur
- Dit het ŉ kultuur van afhanklikheid onder swart Suid-Afrikaners geskep
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

1.1.6 [*Interpretasie van inligting uit Bron 1A – V1]*

- Die swart man moet homself wees
- Die swart man moet trots en waardigheid in homself terugpomp
- Die swart man moet homself bevry van die kettings van minderwaardigheid
- Anige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Swart bewussynsbeweging het swartmense bewus gemaak van hulle regte
- Dit het swart mense aangespoor om teen die regering se apartheidsbeleide op te staan (2 x 1) (2)

1.2.2 [Interpretasie van inligting uit Bron 1B – V2]

- Die filosofie van Swart Bewussyn het die Soweto-studente geïnspireer om op te staan vir hulle regte
- Jong studente het die filosofie van Swart Bewussyn aanvaar en dit in werking gestel
- Dit het die studente aangemoedig om te veg vir hulle vryheid en waardigheid
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1B – V2]*

(a) Mathabane

- Mathabane was daarteen dat jongmense aan die stryd (*struggle*) deelneem
- Hy maan die jongman teen die gevare waaraan hulle hulself gaan blootstel
- Hy verteenwoordig die ouer generasie se standpunt
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

(b) Die jong aktivis

- Die jong aktivis is gemotiveer deur die voortsetting van die stryd
- Die stryd (struggle) moes versterk word deur jongmense
- Voel dat die jonges die breër betekenis van die stryd verstaan
- Enige ander relatiewe antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.4 [*Vergelyking van inligting uit Bron 1B – V3]*

Kandidate moet Standpunte 1 en 2 vergelyk en die verskil tussen hulle verduidelik.

Standpunt 1

- Saamtrek-uitroep "Swart man, jy is op jou eie" was gebruik om die jonges op te sweep
- Die invloed van die filosofie van Swart Bewussyn is duidelik uit die houding van die jongman getoon
- Die jong aktivis het die situasie in Suid-Afrika akkuraat ontleed
- Die jeug is bereid om hulle lewe af te lê vir hulle vryheid in Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord

Standpunt 2

- Die bron gee 'n korrekte weergawe van die stereotipe van talle ouer swart mense in daardie tyd
- Die ou man vrees wat met die jongman sal gebeur
- Hy probeer die jongman ontmoedig deur na die gevare van die stryd te verwys
- Die ou man sê die stryd om vryheid is dood
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Uittrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- Ordentlike behuising
- Werk vir ouers
- Die bevryding van hulle leiers
- Weg met Afrikaans (enige 2 x 1) (2)

1.3.2 *[Verduideliking van die nuttige gebruik van Bron 1C – V3]*

- Die bron toon die Soweto-studente in aksie in die strate
- Dit toon die gevoel van die jeug om te veg vir hulle menseregte
- Dit gee insig in die gebeure van 16 Junie 1976
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.4 *[Interpretasie, analise en evaluering van inligting uit bronne om 'n samevattende paragraaf te skryf – V3]*

Kandidate mag die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:

- Swart Bewussyn het eenheid in die swart gemeenskap aangemoedig
- Idees van Swart Bewussyn het na die skole versprei
- Studente het daarvan bewus geword dat SASO teen ongelykheid geprotesteer het en dat daar vir hulle regte geveg is
- Duisende studente het vergader in 'n vreedsame opmars
- Studente het strate toe gegaan
- Hulle het protesteer teen die gebruik van Afrikaans as medium van onderrig in swart skole
- Die Soweto Studente-oproer was die grootste uitdaging vir die regering
- Dit was 'n belangrike draaipunt in die stryd
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op ’n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die impak van die filosofie van Swart Bewussyn op die Soweto-opstande in 1976.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE: 0 – 2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die impak van die filosofie van Swart Bewussyn op die Soweto-opstande in 1976.** • Gebruik bewyse op ’n baie eenvoudige manier.	**PUNTE: 3 – 5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon deeglike begrip van die impak van die filosofie van Swart Bewussyn op die Soweto-opstande in 1976.** • Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE: 6 – 8**

(8)
[50]

VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKA VAN SY VERDEELDE VERLEDE GENEES?

2.1
2.1.1 *[Verduideliking van historiese konsepte uit Bron 2A – V2]*
(a) Vergeldende geregtigheid
- ’n Vorm van geregtigheid waar die fokus op weerwraak is

(b) Herstellende geregtigheid
- ’n Vorm van geregtigheid wat fokus op die genesing/heling en versoening van mense, van beide die slagoffers en die oortreders (2 x 2) (4)

2.1.2 *[Uittrekking van bewyse uit Bron 2A –V1]*
- Vir nasiebou en versoening
- Om slagoffers en oortreders bymekaar te bring
- Om die wonde van die vorige verdeelde Suid-Afrika te heel
- Om die ongelykhede van die verlede reg te stel (enige 2 x 1) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2A – V1]*
- Dit sal die menswaardigheid van al die betrokke mense herstel
- Dit sal Suid-Afrika help om na die toekoms te beweeg as een nasie
- Dit sal die gebroke verhoudings herstel
- Dit sal sowel die slagoffer as die oortreder rehabiliteer (herstel)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 2A – V3]*

BRUIKBAAR

- Die bron gee 'n breedvoerige uiteensetting van die doelstellings en funksies van die WVK
- Dit help die historikus om die pad te sien waarop die WVK beweeg het (herstellende geregtigheid)
- Enige ander relevante antwoord

NIE BRUIKBAAR NIE

- Dit mag Tutu se wensdenkery wees oor die proses van die WVK
- Dit bevat nie genoeg inligting oor die WVK nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2B – V2]*

- Om te illustreer dat die helende wonde ordentlik oopgemaak moet word en dan sal ware heling plaasvind
- Dat die Waarheidskommissie net aan die begin van sy werksaamhede is
- Oortreders van growwe menseregteskendings sal aan die slagoffers ontbloot word
- Die WVK sal lig werp op die menseregteskendings deur die apartheidsregering gepleeg
- Enige ander relevante antwoorde (2 x 2) (4)

2.2.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2B – V2]*

- As die waarheid oor growwe menseregteskendings nie geopenbaar word nie, sal daar geen versoening wees nie
- Die slagoffers van menseregteskendings sal die oortreders teen die einde vergewe
- Die oortreders van menseregteskendings sal met skuldgevoelens moet lewe totdat die waarheid openbaar word
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3 [*Verduidelik hoe Bron 2A en 2B mekaar ondersteun – V2*]

- Albei bronne gaan oor die werk van die WVK
- Bron 2A noem die nodigheid van die WVK
- Bron 2B illustreer/toon die WVK aan die werk/gereed om die verhore te hou
- Bron 2A noem die tipe regverdigheid wat met die aanvang van die WVK-verhore gevolg gaan word
- Bron 2B illustreer/toon die reuse-taak wat die WVK gaan onderneem
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Uittrekking van inligting uit Bron 2C – V1]*

- KwaZulu Natal (1 x 1) (1)

2.4.2 *[Uittrekking van inligting uit Bron 2C – V1]*

- In 1977 (1 x 1) (1)

2.4.3 *[Interpretasie van inligting in Bron 2C – V1]*

- 'n Magsvertoon het tussen ondersteuners van die ANC en die IVP ontwikkel
- Onvoldoende reaksie tydens die faksiegevegte deur die staatsveiligheidsmagte
- Die "Derde Mag" was betrokke in die township-geweld
- Regse groepe het die onderhandelings met geweld ontwrig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V3]*

- Die getalle gee 'n akkurate aanduiding van die vlakke van onrus as gevolg van die magstryd tussen die ANC en die IVP
- Dit sal 'n historikus help om sekere gevolgtrekkings op grond van die syfers te maak
- Enige ander relevante antwoorde (2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 [*Uittrekking van bewyse uit Bron 2D* – V1*]*

- Hulle is doodgebrand deur die polisie (1 x 2) (2)

2.5.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V1*]

- Sy was positief/sy het die dood van haar vader aanvaar
- Sy was bereid om die oortreders wat haar vader vermoor het, te vergewe (enige 1 x 2) (2)

2.5.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2*]

- Om geheel te word en van die verlede te vergeet
- Om 'n nuwe mens te word, vry van woede en haat
- Om jou vyand/oortreders te vergewe en om aan te beweeg met 'n normale lewe
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, analise en evaluering van inligting uit alle bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Die belangrikheid van die ontstaan van die WVK
- Ondersoek na die waarheid van wat in die verlede plaasgevind het
- Die belangrikheid daarvan om die waarheid te ken, om die wonde uit die verlede te heel
- Oortreders word voor die WVK gedaag
- Families van die slagoffers is uitgenooi – hulle hoor die waarheid oor wat met hulle geliefdes gebeur het
- Families van slagoffers is vergoed deur die vergoedingskommissie
- Oortreders het amnestie ontvang
- Gladde oorskakeling na demokrasie in Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op ’n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van die werk van die WVK om Suid-Afrika van sy verdeelde verlede te heel.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE: 0 – 2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die werk van die WVK om Suid-Afrika van sy verdeelde verlede te heel.** • Gebruik bewyse op ’n baie eenvoudige manier.	**PUNTE: 3 – 5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon deeglike begrip van die werk van die WVK om Suid-Afrika van sy verdeelde verlede te heel.** • Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE: 6 – 8**

(8)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik tot watter mate Botha se pogings om die beleid van apartheid in die 1980's te hervorm, suksesvol wat. Hulle moet toepaslike voorbeelde gebruik om hulle antwoorde te staaf.

HOOFASPEKTE

INLEIDING: Kandidate moet die rol aandui wat handelsvakbonde, politieke vakbonde en burgerlike organisasies gespeel het om Suid-Afrika in die 1980's onregeerbaar te maak.

UITBREIDING
(Die volgende aspekte in die aandeel van swart verset teen apartheidsbewegings moet beklemtoon word)

- Totale strategie en totale aanval
- Hervormings – 1983 nuwe grondwet as agtergrond vir golwe van verset in die land
- Daarstelling van Driekamerparlement – uitsluiting van swart mense
- Opposisie teenoor die nuwe grondwet en die Driekamerparlement
- Weerstand – die rollende massa-aksie
- Vorming van die Verenigde Demokratiese Front (VDF/UDF) en sy rol in die weerstand teen hervorming van die apartheidsregering
- Verdere weerstand – Burgerlike organisasies, georganiseerde huurboikotte, skoolproteste, werkers se wegbly-aksies
- Rol gespeel deur Sasol
- Groeiende mag van handelsvakbonde-bewegings (FOSATU) en (COSATU)
- Toenemende en volgehoue weerstand tussen 1984 en 1986
- Kerkorganisasies – SARK – se oproep op buitelandse maatskappye om te weier om die beleid van werkreservering toe te pas
- Regering se reaksie: strafmaatreël van die noodtoestand
- Enige ander relevante antwoord

SLOT: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante sametting.

Gebruik die matriks op bladsy 5 van hierdie merkriglyn om die kandidate se antwoorde te assesseer. [50

VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Beplan en konstrueer ŉ argument gebaseer op bewyse deur analitiese en vertolkende vaardighede.

SINOPSIS

Kandidate moet fokus op hoe die pad na demokrasie besaai was met bedreiginge en uitdagings wat die proses van onderhandelinge vir ŉ nuwe Suid-Afrika teengestaan het.

HOOFASPEKTE

INLEIDING: Kandidate moet fokus op die uitdagings wat die proses van onderhandelinge bedreig het.

UITBREIDING

Fokus op die proses van onderhandelinge tussen 1990 en 1994:

- De Klerk se toespraak kondig aan dat Mandela se vrylating ŉ uitdaging was
- Geweld in Natal tussen die ANC en Inkatha
- Impak van "Derde Mag" aktiwiteite
- Regse-vleuel Konserwatiewe Party en linkse-vleuel Pan-Afrikanistiese Kongres boikot CODESA I
- IVP leier, Mangosuthu Buthelezi weier om dit by te woon
- Referendum van slegs-wittes gee aan De Klerk ŉ duidelike mandaat om te onderhandel, wat ŉ uitdaging vir regsgesindes ingehou het.
- CODESA II misluk oor meerderheidsregering/magsverdeling/streeksmagte
- Toenemende geweld (in Boipatong, Bisho, ens.)
- Rekord van Verstandhouding as gevolg van samesprekings tussen Cyril Ramaphosa en Roelf Meyer
- Sluipmoord op Chris Hani lei tot protes en kon die proses van onderhandelinge ontspoor
- Bestorming van die Wêreldhandelsentrum deur die regse AWB
- Shell House-bloedbad
- Regse-vleuel bomaanvalle regoor Suid-Afrika, bv. Jan Smuts Lughawe
- Finale ooreenkoms bereik
- 1994 verkiesing
- Enige ander relevante antwoord

SLOT: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat.

Gebruik die matriks op bladsy 5 van hierdie merkriglyn om die kandidate se antwoorde te assesseer. **[50]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou